Pierneef Gemeente Die Boodskapper

5 Mei, 2024

Kantoorure: Ma, Wo, Vr. 8:00-16:00 **Sel:** 072 137 4407
Epos: kantoor@ngkpierneef.co.za **Bankbesonderhede:** NG Kerk Pierneef, Standard Bank SA,
Tjekrekening: 281590621,**Takkode:** 01-4845
Leraar: Ds Paullet Grobler (076 841 1568 **Gemeente-Sekretaris:** Cecile Botha (072 137 4407)
Jeugwerker: Sandra Berger (061 930 6540)

9:00 Erediens en Kinderkerk

Prediker: Ds Paullet Grobler
Teks: Jakobus 1:19-27

Teebeurt: Wyk B (Kerkraadslid: Andrè du Plessis)

20ste & 21ste Laan asook Antoinettestraat en Ben van Tonderstraat

Hierdie week:

7 Mei (8:30): Stap by die Botaniesetuine
8 Mei: 9:30 Bybelstudie en 18:30 Bybelskool
9 Mei (18:30): Kleingroep

Nuwe lidmate

Ons nooi nuwe lidmate om asb na die erediens tot voor die kansel te kom waar ons u graag wil ontmoet. In die voorportaal is ook vorms beskikbaar wat u kan voltooi sodat ons u vinnig kan leer ken. Lidmate wat ’n besoek verlang kan gerus die kerkkantoor kontak of kom inloer om ’n afspraak te maak.

Verjaarsdae

05/05	Mnr	Kristoff	Van Zyl
08/05	Mnr	Morné	Joubert
08/05	Me	Madelein	Petzer
09/05	Mev	Merlene	Greyvenstein
09/05	Me	Annia	Jordaan
09/05	Mev	Amanda	Nell
11/05	Me	Magda	Appelgryn
11/05	Mnr	Ian	Viljoen

Lief en Leed

- Beth Malherbe wat 14 Mei gaan vir ‘n skoueroperasie.
- Elmarie de la Rey wat 8 Mei gaan vir ‘n knie-vervanging.
- Mara wat herstel na ‘n knie-vervanging.
- Esme Robinson wat herstel na ‘n heupvervanging.
- Tannie Annetjie Kok wat sukkel met haar gesondheid, asook Christo Kok wat gediagnoseer is met kanker.
- Amanda Brand wat gediagnoseer is met Borskanker.
- Die afsterwe van ‘n geliefde lidmaat,Tannie Daphne Kotze wat Vrydag 03 Mei 2024 oorlede is. Ons dink aan haar familie en vriende, in hierdie hartseer tyd.

  Baie welkom aan ons nuwe lidmate: Hannelie Senekal, Pieter van Zyl, Carla de Zinger, Simon en Jeanette.

Ietsie mooi…

NG Pierneef kon hierdie week ‘n baie groot skenking aan Louis Botha Kinderhuis maak (Medisyne, klere, komberse en beddegoed) omdat beide gemeente en die Dorkas-projek groot donasies ontvang het van gemeentelede. Baie dankie vir die gemeente se liefde en omgee. Julle het hierdie week baie kindertjies se harte bly gemaak!

Dorkas se Kombuis

Ons sê **BAIE BAIE DANKIE**:
Ons staan dankbaar vir die groot kontantskenking wat die afgelope week in die Dorkas rekening ontvang is.

Hiermee kon Dorkas se Kombuis onder andere help om aankope vir die Louis Botha Kinderhuis te doen om items te vervang wat met die brand vernietig is/skade gekry het.

Ons lewer weer 14 Mei 2024 voorraad by RHS af. Die kontantskenkings gaan help dat ons so 'n ietsie ekstra in die pakkies sal kan pak, byvoorbeeld my gunsteling, Rhodes se chakalaka with corn 😊

Blessings in jou onseker en moeilike tye, staan vas, die Here wag reeds vir ons by more en oormore en oormore se more.
Amen.

Bankbesonderhede: M Janeke: Capitec Spaarrek nr: 1651207

Pinksterweek



Ons Pinksterweek begin Sondagaand, 12 Mei om 18:00 en is tot Donderdagaand (gedurende die week begin die dienste om 18:30). Ons gemeente hou dit hierdie jaar weer saam met Pierneefrant Gemeente. Soos gewoonlik, kuier ons na die dienste lekker saam, deur sop en broodjies saam te eet.
Ons gemeente is Sondag, Dinsdag en Donderdag aan die stuur van die sop en broodjies, indien jy kan help met die maak daarvan, laat weet asb vir Sandra!

Gemeente-ete 19 Mei

Ons sluit ons Pinksterweek af met Pinksterfees, waarna ons as gemeente lekker saam gaan eet! Hoe dit werk: Elke gesin bring ‘n gereg saam om met ander te deel. Laat weet asb vir ds Paullet (076 841 1568) indien jy die geleentheid wil bywoon! Hou die spasie dop!

Kunsuitstalling : 24 Mei om 18:00

Kontak ons gerus indien jy betrokke wil wees by hierdie jaar se Kunsuitstalling. Die doel van die uitstalling is om lekker te kuier rondom mooi kuns en kunstenaars in ons gemeente/omgewing. Indien jy nie kom uitstal nie, hou die datum oop om saam met ons te kom kuier! Nooi ook jou vriende en familie!

Indien jy ‘n bottle wyn (of twee) wil skenk, bring dit gerus Kerkkantoor toe! Baie dankie!

Vars produkte by die kerk te koop

Heel hoenders, opgesnyde hoender en “starpacks” is Sondae na die diens en tydens kantoorure teen R60 ‘n kilogram beskikbaar.
Vars plaasbotter – R65 vir 500g
FARINA hondekos – R100 vir ‘n 8 kg sak en R275 vir ‘n 25 kg sak.